VAN ONS SUSTERS

Oktoberfees

Die Susters se verkoping vind plaas op **Saterdag 30 Oktober 2021** en begin om **08:30 tot 12:00.** Ter wille van die Covid-beperkings sal daar aanpassings in die formaat gemaak word.
In beginsel is daar besluit op die volgende stalletjies: Kerrie & Rys, pannekoek, poeding, wit olifant, gebak, koeldrank en koffie- en teetuin. Die wyksusters sal lidmate kontak in verband met 'n bydrae vir bogenoemde tafels of kontant of hulp in watter vorm ook al. Meer besonderhede sal in 'n volgende *"Op die Kerkwerf"* verskyn.
Die wykslyste vir die wyksusters van die gemeente is vandag beskikbaar. Dit kan ná die diens in die saal afgehaal word. Daar is nog drie wyke sonder 'n wyksuster. Indien u beskikbaar is kom meld sommer vanoggend aan asb. ***Nelly, nms Susters***

SUSTERSVERKOPING

Saterdagoggend 30 Oktober 2021 met ons verkoping gaan ons weer heerlike pannekoek verkoop. Almal wat die oggend kan kom help oprol en verkoop kan my kontak voor 15 Oktober (gee gerus die tye deur wat jou pas en ek trek 'n rooster op)
Marlise Stoop (sameroeper) 076 279 6+225

WITOLIFANTTAFEL: OKTOBERFEES, 30 OKTOBER 2021

As jy **enige bruikbare** artikel nie meer wil hê nie of dit lê in jou pad, dan is die witolifanttafel by ons Oktoberfees net die plek waar ons dit kan verkoop aan iemand wat dit nog kan gebruik. Ons dink veral aan ouer lidmate wat wil opruim by hulle huise omdat daar na baie jare se opgaar nie meer plek vir alles is nie – **bring daardie artikels vir die witolifanttafel!** Artikels kan voor 30 Oktober by die koster, Pieter Bouwsema afgegee by die kantoor of selfs die dag van die verkoping nog gebring word.
Navrae by Flip Mostert (084 290 7007) en Faans Steyn (018 294 6958).



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 35 Sondag 19 September 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 17 **Kobus Mentz** en wyk 18 **Piet Aartsma.** Diaken: Wyke 17 **Banie Nortje** en 18 **Pieter Bouwsema**

EREDIENSTE Albei dienste waargeneem deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddienste om 9:30: Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Bediening van die Woord:
Skriflesing: 1 Samuel 4.
Fokusgedeelte: 1 Samuel 4:3b.
TEMA: ***'n Lewe sonder 'n lewende verhouding met die Koning eindig eerloos***
Sing: Psalm Psalm 28:6,7,8 (volgens 1e melodie van Psalm 45); Psalm 29:1,5; Psalm 43:3,4; Psalm 92:1,2,3; Psalm 79:5,6; Psalm 99:1,5; Psalm 80:1, 4,10 (melodie Psalm 105).

AAND:18:00.
Woordbediening: Skriflesing: Jesaja 44:6-23; **Teks:** Jesaja 44:6.
Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 1.
Sing: Skrifberyming 34 [2-2]:1,2; Psalm 106:1,20; Psalm 100:1,2,3,4; Psalm 86:5; Skrifberyming 72[12-3]:1

Woordbediening by ***Huis Eikelaan*** om 15:30 word waargeneem deur **prof Sarel van der Walt**.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Uitdra van die Evangelie*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

LIEF EN LEED

Ons volhard in ons voorbidding vir br. Japie van Jaarsveld wat tans bestraling ontvang. Dit is ons gebed dat hy en sr. Christa voortdurend die troosvolle en versterkende genade van ons Here mag beleef en dat die behandeling ryklik geseën sal wees.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

21 Sept **Dolene Venter (80),** Wyk 8
22 Sept **Rieks Oosthuizen,** Wyk 15
Yolandé van Dyk, Wyk 2
23 Sept **Danie de Klerk,** Wyk 19
Sarie Spaumer, Wyk 14

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die eredienste u masker te dra en om deurentyd gesonde afstand te handhaaf.

VAN ONS KERKRAAD

BYBELSTUDIES

Di	21/09	15:00	Huis Eikelaan	Groot saal o.l.v. prof Callie
Wo	22/09	18:30	Jeugkamer	Daniël 9:5 (vervolg)
Do	23/09	09:30	Kerkkantoor	Handelinge 9

Katkisasie

			Vandag 19 September	**Sondag 26 September**
Lesrooster: **Psalmvers:**			Les 18 en Sondag 18 Psalm 27: 1	Les 19 en Sondag 19 Psalm 31:2
Katkisasie toesig:			Ouderling wyk 17: Gr 0 Ouderling wyk 18: Gr 1&2	Ouderling wyk 19: Graad 3&4 Ouderling wyk 20:Gr 1& 2
Wo	22/09	14:30	2021 Belydenisklas	HK Sondag 21 & 22
		15:30	Graad 8, 9 katkisasie	Les 13

* Katkisante wat op Woensdagmiddae die katkisasie bywoon, word vriendelik gevra om hulle sake so te reël dat ;hulle die volle 45 minute vir katkisasie beskikbaar sal wees. Dit kan gebeur dat die werk vroeër afgehandel word, maar behoort dan die uitsondering te wees.

Die spesiale kollektes in September/Oktober 2021 gaan vir:

Sondag	19 September	Uitdra Evangelie
Sondag	26 September	Emeritaatsversorging
Sondag	3 Oktober	Thusofonds
Sondag	10 Oktober	Emeritaatsversorging
Sondag	17 Oktober	Emeritaatsversorging
Sondag	24 Oktober	Bybelverspreiding
Sondag	31 Oktober	Thusofonds

VERGADERING VAN OUDERLINGE MET DIAKENS

Op 17 Oktober sal daar 'n buitengewone vergadering van die ouderlinge met die diakens plaasvind. Daar sal dan in besonder besin word oor die bediening van die diakens in die gemeente. U voorbidding vir hieride vergadering word gevra.

NUWE WEBMEESTER

Wymie du Plessis het aangebied om as ons nuwe Webmeester te dien. Dit hou onder andere in dat sy ons *Op die Kerkwerf* op die internet plaas. Ook die preke word dan elke week op die internet geplaas. Baie dankie Wymie en sterkte toegewens.



Die 2022 ALMANAK van die GKSA kan in die kantoor bestel word. Almanakke sal vanaf 18 November 2021 in die kantoor beskikbaar wees. Vir ons plaaslike lidmate is die prys R 100.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie koswaentjie en bring dit kerk toe. Cup a soup, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.

Die Kerkblad

Ondersteun Die Kerkblad asseblief. Lidmate wat graag wil inteken op Die Kerkblad, kan met Prof Callie of ouderling Piet Aartsma skakel. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van soveel intekenare as moontlik. Intekengelde is R323 per jaar vir die harde-kopie en R135 vir die elektroniese kopie (11 uitgawes)

Geopende Deure

FRONTLINIE GELOOF

Vervolg Maar nooit alleen.

Posbus 1771.Cresta Suid-Afrika 2118 +27 11 888 9341 +27 11 888 9362

TURKYE

Streek: Midde Ooste **Meerderheidsgeloof:** Islam.
Bevolking: 83 836 000
Christelike bevolking: 171 000 (0,2%)

In Turkye is godsdienstige nasionalisme baie sterk en groei dit steeds, wat enorme druk op Christene plaas. In kontras met vorige jare teiken die regering nie net buitelandse Christene nie, maar word buitelandse Christene wat met Turkse burgers getroud is en wat kinders het wat Turkse burgers is ook verban. Die atmosfeer van toenemende nasionalisme laat min ruimte vir enigeen om 'n ander boodskap te verkondig, en Christene moet baie versigtig wees as hulle hul geloof met ander deel omdat dit tot agterdog kan lei.

Bekering tot Christenskap vanaf Islam is nie onwettig nie, maar bekeerlinge sal waarskynlik teenkanting en druk van hul familie en die plaaslike gemeenskap ervaar. In sommige gevalle kan dit tot egskeiding of onterwing lei. Dié gevare bring mee dat sommige gelowiges 'n dubbele lewe lei en hul bekering verbloem.

Hierdie mengsel van Islam en nasionalisme raak ook Christene vanuit nie-Moslemagtergronde, byvoorbeeld etniese minderhede soos Grieke, Armene en Siriërs. Hulle word beswaarlik erken as volwaardige lede van die Turkse samelewing en ervaar 'n wye verskeidenheid wetlike en burokratiese struikelblokke.

Christene het ook beperkte toegang tot werk in die staatsdiens en ervaar diskriminasie in die privaatsektor, veral waar werknemers bande met die regering het. Aangesien godsdienstige affiliasie steeds op ou identiteitskaarte en die elektroniese skyfies van nuwe identiteitskaarte aangebring word, is dit maklik om teen Christen-aansoekers te diskrimineer.

Bid vir Turkye

- Bid dat die onderdrukkende en agterdogtige atmosfeer teenoor Christene in Turkye sal verander.
- Bid dat buitelandse Christene se verblyfaansoeke en voortslepende appèl teen verblyfverbanning gunstig oorweeg sal word.
- Vra dat alle bekeerlinge wat weens hul geloof in Jesus onder druk is, sterk sal staan, in hul liefde vir Jesus sal groei en teen enige swaarkry beskerm sal word.